**30 April**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:14, 36-42**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:36**

## Die opstandingskerk as die liggaam van Christus

Die slot van ’n preek is belangrik. Dit vat die kernboodskap kragtig saam. Die slotuitspraak van Petrus se Pinksterpreek is kragtig: “Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!” Die uitspraak tref diep en ontlok ’n vraag: “Wat moet ons doen. broers?” Ons is Messiasmoordenaars! Kan ons nog iets doen? As jy die vraag vra omdat jy diep getref is deur die werklikheid van jou sonde, is daar hoop:

- Bekeer jou, dit wil sê, draai om omdat jy sien jy is op die verkeerde pad.
- Jou doop sal die merkteken wees van die omdraaipunt.
- Jy word daardeur verseker dat jy twee wonderlike geskenke van God ontvang: vergewing van sondes en die Heilige Gees as gawe.
- Dit is immers ’n oeroue belofte aan gelowiges en hulle kinders.
- Jy word tussen ontaarde mense uitgered.

Drieduisend mense neem die woorde aan en Christus se opstandingskerk is gebore. Sedertdien groei die getal. Is jy ook daarby? Dan sal jy met die kerk saamleef en die voorbeeld van die eerste gelowiges volg: “Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.” Saam leer van God, saam leef vir God, saam bid tot God – dit is wat ons moet nastreef, elkeen as individu, maar ook gesamentlik. Die groot resultaat van die opstanding van Christus is daarom sy Kerk as liggaam waarin elkeen sy plek en funksie het en wat Hy deur sy Gees vervul (Ef 1:23).

*Sing: Skrifberyming 8-2:5, 6, 7*

*Ds. Chris Hattingh (Randburg)*